**Die heerlikheid van die Here Jesus by 'n bruilof**

**Joh 2:1-12**

**9 Februarie 2025**

1. Vantevore: Die Here Jesus roep Sy eerste dissipels. Hy toon Hy is in beheer, Hy ondersoek die harte van die geroepe dissipels, Hy oorweldig hulle, Hy roep hulle tot geloof en ook tot geloofsgroei
2. Wat is die betekenis van die water-in-wyn gebeure by die bruilof in Kana?
    a. Uitbeelding van die Here Jesus se bonatuurlike vermoëns?
    b. Uitbeelding van die noodsaak dat Jesus deel moet wees van elke huwelik?
3. Faktore wat in ag geneem moet word in die eksegese van die gebeure:
    a. Doel van Johannes-evangelie: Jesus is die Christus, Seun van God, glo in Hom (Joh 20:31)
    b. Johannes beskryf net 7 wonderwerke – hulle elkeen is spesiaal gekies
    c. Hierdie wonderwerk se betekenis moet uit die gebeure afgelei word – geen bespreking nie
    d. Hierdie is 'n "teken" (v11) – wonderwerk met 'n spesifieke betekenis: Om Sy heerlikheid te openbaar (vgl Joh 1:14)
4. Bestudering van die teken van water-in-wyn (Joh 2:1-11)
    a. V1-2: binne eerste week van openbare optrede, bruilof van 'n onbekende egpaar, Kana is onbeduidend – maar die Here Jesus is daar
    b. V3: Die wyn raak op, Maria gaan na die Here Jesus – waarskynlik omdat Hy haar oudste seun was
    c. V4: Vrou, waarom pla u My? My uur het nog nie aangebreek nie
        - Vrou: respekvol, maar vreemd, dui op afstand (vgl Joh 19:26)
        - Waarom pla u My? Dui op afstand (vgl Mat 8:29)
            - Maria het nie spesiale voordele omdat sy Sy ma is nie
        - My uur het nog nie aangebreek nie: Sy lyding en verheerliking lê nog voor (vgl Joh 7:30, 8:23)
    d. V5: Maria aanvaar die Here Jesus is besig met groter dinge
    e. V6: 6 Klipkanne verteenwoordig reinigingsgebruike/ou verbond (Mark 7:3-4, Joh 3:25)
    f. V7-10: Betekenis van die optrede van die Here Jesus
        - Waarskynlik is net water wat uitgeskep is, verander in wyn (v8-9)
        - Verlossing/Bruilofsmaal van die Lam – gekenmerk met beleë wyn (Jes 25:6, Jer 31:12)
        - Klipkanne met water = ou verbond – oneffektiewe reiniging
        - Klipkanne vol water – tyd van ou verbond is vol
        - Jesus is Bruidegom by bruilofsmaal van die Lam met beleë wyn
        - Wyn = simbool van nuwe verbond (nagmaal – Luk 22:20) – effektiewe reiniging
        - Water gaan oor in wyn = ou verbond gaan oor in nuwe verbond
    g. V11: Dissipels het heerlikheid van die Here Jesus gesien en geglo
5. Afsluiting:
    a. 2 Kor 5:17 – ou dinge het verbygegaan, nuwe dinge het gekom
        - Verbondsoorgang is een van die nuwe dinge